Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

9 Junie 2024

1 Begin hier

‘n Reis na ‘n vreemde land sal opwindend wees – ‘n regte avontuur! Maar dit sal ook dalk moeilik wees.

Dit kos duur om met Suid-Afrikaanse rande in die buiteland te gaan reis. Jy sal mooi met jou geld moet werk. En in ‘n vreemde land praat hulle ‘n ander taal. Jy sal sukkel om inligting te kry of reisreëlings te tref.
En die kos? Wel, dit sal ook seker vreemd en anders wees – sal jy ooit weet wat om te bestel?

In die Bybel sien ons hoe God van die begin af saam met mense op reis is.

Ons ontmoet in die eerste verhaal vir Adam en Eva en hoor hoe God vir hulle reëls en raad gee, om hulle te lei en te beskerm.

Maar hulle hou nie by God se opdragte nie. Hulle besluit om selfsugtig te wees en alleen besluite te maak. En dan voel hulle skaam daaroor en dit is hoekom hulle ook besef dat hulle kaal is.

2 Lees

Genesis 3:8-13

3 Gesels

- Hoekom dink jy het Adam en Eva besluit om nie vir God te luister nie, maar eerder die raad van die slang te volg?
- Kan jy dink aan ‘n keer wat jy iets gedoen het, al het jy geweet dit is selfsugtig of verkeerd?
- Die verhaal in Genesis herinner ons dat God daar is om aan ons raad te gee. Hy doen dit dikwels deur mense te gebruik. Wie se raad kan jy vra as jy oor iets wonder?

4 Bid

Sê vir die Here jammer oor enige iets wat jy oor skuldig of skaam voel.

Sê daarna vir hom dankie dat Hy jou vergewe en elke dag by jou is om jou te lei.

5 Doen

Gesels saam en besluit op ‘n geleentheid per week wat julle saam tyd kan spandeer bv. deur saam te eet.

Gebruik hierdie tyd om na mekaar se stories te luister en vir mekaar raad te gee en te ondersteun.